Palesa kry ‘n vriend



deur Pandora Alberts

Gepubliseer deur
The Humane Education Trust

THE HUMANE EDUCATION TRUST
CAPE TOWN SOUTH AFRICA

www.naturebased.education

ISBN 978-0-9814072-2-7

Illustrasies: Pandora Alberts

©The Humane Education Trust
Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie publikasie mag sonder die toestemming van The Humane Education Trust gereproduseer, in ‘n stelsel vir inligtingsbewaring gestoor, of met enige elektroniese of meganiese wyse weergegee word nie, hetsy deur fotostatiese vaslegging, klankopname of andersins.

Obo kry swaar

Palesa het saam met haar ma en jonger tweeling broertjies, Tsepo en Musa, gewoon. Langsaan het mevrou Malusi gewoon. Sy het 'n treurige bruin hond, Obo, gehad. Hy was heeldag aan 'n ketting op die erf vasgemaak. Sy waterbak was meestal leeg, dan word hy baie dors, veral as die son so warm gebak het.

Palesa se ma het ver weg gewerk en die kinders was baie keer alleen by die huis. Obo, die bruin hond, het van Palesa gehou. Sy het met hom gepraat as hy so eensaam was. Soms het sy vir Obo van haar skool toebroodjies gegee. Hy was baie maer en honger. Mev. Malusi het hom nie genoeg kos gegee nie. As sy onthou, het sy 'n stuk mieliepap vir Obo op die grond gegooi om te eet.

Eendag, toe Palesa van die skool af kom met die tweeling, het sy iets vreesliks gesien. 'n Groot seun het Obo met klippe gegooi. Arme Obo het op en af gespring en geblaf. Obo het getjank as 'n klip hom teen die kop tref. Palesa was so kwaad dat sy na die seun gehardloop het en hom onderstebo gestamp het. Al die mense in die straat het gelag, want hy het so snaaks gelyk toe hy in die modder sit.

“Gaan weg!" het Palesa geskree, "Los die hond uit!” Die seun staan toe op en stap weg. Hy kyk om, dreig Palesa en trek lelike gesigte. “Ek gaan jou nog moeilikheid gee," sê hy toe. Palesa het bang geword, maar het probeer om dit nie te wys nie.



Sy het die tweeling huistoe geneem, want hulle het begin huil. Gelukkig het hul ma by die huis gewag. “Pasop vir daardie seun," sê haar ma. “Hy doen stoute dinge.”

Die vreeslike storm

Daardie nag was daar 'n vreeslike storm. Palesa het lekker snoesig tussen Tsepo en Musa gelê en luister na die donderweer. Die weerlig het die hele huis so 'n snaakse blou kleur gegee. Toe val daar groot reëndruppels op die dak. “Hoe gelukkig is ek om warm, droog en veilig te wees," het Palesa gedink.



Toe hoor sy Obo buite in die reën blaf. Hy was bang en koud. Sy het nie meer gelukkig gevoel nie. Hoe kon sy hom help?

Die volgende oggend het dit nog steeds gereën. Die tweeling wou buite in die waterpoele plas. Palesa moes hulle verby mev. Malusi se huis sleep. Mev. Malusi was buite op die erf. Sy het Obo met 'n stok geslaan en hy het getjank. “Stoute hond!" het sy geskreeu. “Stoute hond! Jy het die hele nag geblaf!"

Palesa het baie kwaad geword. Sy was 'n bietjie bang vir mev. Malusi, maar sy kon dit nie verdra om te sien hoe Obo geslaan word nie. “Hou op, hou op!" het sy gegil.

Mev. Malusi gooi toe die stok neer en draai om na haar, “As jy dan so baie van hierdie hond hou, moet jy hom sommer nou vat. Ek wil hom nie meer hê nie.” Mev. Malusi stoot Obo na Palesa toe. Obo kyk toe vir Palesa met sy sagte bruin oë en waai sy stert. Dit het amper gelyk of hy glimlag. Palesa glimlag ook en streel hom.

Obo kry 'n nuwe huis

Moeder was nie gelukkig nie. “Hy is 'n groot hond en sal baie kos eet. En waar sal hy slaap?"

“Ek sal elke Saterdag vir mnr. Hlongwane by die winkel werk om vir die kos te help betaal", het Palesa gesê. “Hy kan langs ons bed op die ou groen kombers slaap. Asseblief, asseblief tog!" het sy gefluister.

Moeder het geglimlag. “Ek voel ook jammer vir Obo omdat hy so mishandel was" het sy gesê. “Ja, jy kan hom maar hou, maar onthou hy is jou verantwoordelikheid.”

Palesa het al die pad skool toe gespring en gedans. Sy was so gelukkig. Toe sy by die huis kom, het Moeder al klaar kos gemaak. Sy het Obo lekker kos gegee. Hy het by die deur gestaan en toe hy vir Palesa sien het hy na haar gehardloop en haar hande gelek.

“Ek moet laat werk vanaand", het Palesa se ma gesê. “Pas vir Tshepo en Tshepang op. Bly veilig in die huis as dit donker word. Moenie die deur oopmaak totdat jy my stem hoor nie."

Palesa het belowe sy sal dit doen. Sy het die tweeling kos gegee en gewas. Toe het sy bietjie van haar huiswerk gedoen. Later het sy televisie gekyk. Die hele tyd het Obo langs haar gesit. Sy het nou en dan sy ore gestreel.

"Jy gaan 'n baie mooi hond word, Obo," het sy vir hom gesê. Hy het sy stert gewaai.

Toe dit donker word, het sy die deur gesluit en die tweeling in die bed gesit. Sy was nie bang nie.

Moeder het baiekeer laat gewerk. Sy was gewoond daaraan. Later het sy langs die tweeling in die bed geklim.

Obo het langs hulle gaan opkrul op sy groen kombers.

Obo beskerm sy nuwe familie

Skielik het iemand die deur oopgeskop en die slot gebreek, en daar staan die stoute seun wat Palesa gedreig het. Palesa was stokstyf van vrees.

“Ek kom jou 'n les leer!" sê hy.

Palesa het haar mond oopgemaak om te skree, maar voordat die seun by die deur kon inkom, het Obo op hom gespring en soos 'n leeu geknor.

Die seun wou weghardloop, maar Obo het sy broek ge-
skeur en hom aan die been met sy groot wit tande gebyt.

Toe het die seun gegil. Palesa kon hom al die pad in die
straat af hoor skreeu terwyl Obo hom aan die enkels hap.

'n Ruk later was Obo terug. Hy het sy stert gewaai en
geglimlag.

Die tweeling het deur al die lawaai geslaap!

Bewerig het Palesa 'n stoel teen die deur gesit. Sy het
gebuk en haar arms om Obo se nek gesit en hom gedruk.

“Dankie, Obo,” het Palesa gefluister. “Nou kan ons mekaar altyd oppas."

Hy het haar gelek en gelukkig op sy kombers gaan lê.
Hy het liefde gekry en 'n lekker nuwe warm huis.

Hierdie boek bevorder die ontwikkeling van deernis, geregtigheid en respek vir alle lewe, deur geletterdheid.

THE HUMANE EDUCATION TRUST
CAPE TOWN SOUTH AFRICA

NatureBased EDUCATION
A DIVISION OF THE HUMANE EDUCATION TRUST